NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur | 100 punte

## INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 1 VERSOENINGS [24 punte; 29 minute]

### Inligting aangaande Kalideck

Kalideck is 'n toonaangewende verspreider van druk- en fotokopieerpapier in Suider-Afrika. Een van hul debiteure is Eksamenvraesteldrukkers (EVD). Hul grootste verskaffer is Mondi Paper SA.

### Deel A: Debiteure (18 punte; 22 minute)

**KALIDECK**
More than Paper

Paarlweg 103
Durbanville
8100

Eksamenvraesteldrukkers
Annerleyweg 5, Parktown, Johannesburg

Rekeningno.: EVD-24
Staatdatum: 25 Okt 2024

| DATUM | | TRANSAKSIES | DEBIET | KREDIET | SALDO |
|---|---|---|---|---|---|
| Jun | 15 | Beginsaldo vir hierdie staat | | | 320 000 |
| Jul | 3 | Debietorder ontvang – dankie | | 280 000 | 40 000 |
| | 7 | Faktuur 773 | 176 500 | | 216 500 |
| | 28 | Betaling ontvang – dankie | | 118 000 | 98 500 |
| Aug | 2 | Kredietnota 83 | | 23 525 | 74 975 |
| | 12 | Betaling ontvang – dankie | | 21 250 | 53 725 |
| | 26 | Betalingomswaaiing – verkeerde rek. | 21 250 | | 74 975 |
| | 26 | Administratiewe boete | 2 125 | | 77 100 |
| Sep | 1 | EFO ontvang – dankie | | 23 375 | 53 725 |
| Okt | 6 | Faktuur 883 | 128 500 | | 182 225 |

**Kredietbepalings:**
- Alle skuld moet binne 60 dae na die datum van die staat vereffen word.
- 12% p.j. rente word gehef op skuld 90 dae en ouer vanaf die datum waarop dit agterstallig raak.
- 'n Administratiewe boete sal gehef word op enige mislukte transaksies.

**Let wel:** Kalideck het die inskrywing op 12 Augustus gemaak op grond van die bewys van betaling wat deur die boekhouer van Eksamenvraesteldrukkers aan hulle gestuur is. Toe die ooreenstemmende inskrywing nie op hul bankstaat verskyn nie, het hulle die bewys van betaling nader ondersoek en bevind dat die betaling per ongeluk in die rekening van 'n ander onderneming met 'n soortgelyke naam gedoen is.

IEB Copyright © 2024

**Deel B: Krediteure** **(6 punte; 7 minute)**

Kalideck het hul rekeningstaat van Mondi Paper SA gedateer 31 Oktober 2024 ontvang en dit toon 'n uitstaande saldo van R1 565 835.

Die Krediteurelys van Kalideck op 31 Oktober 2024 dui 'n saldo vir Mondi Paper SA van R1 460 795 aan.

Die volgende foute en weglatings is opgemerk toe die rekeningstaat met die Krediteuregrootboek vergelyk is:

(a) Faktuur 3228 vir R904 000 is deur Mondi Paper SA uitgemaak ten opsigte van 'n ander onderneming, Kali Ondernemers. Dit verskyn verkeerdelik op Kalideck se staat. Die Kalideck-boekhouer het die faktuur ook verkeerdelik in die Krediteurejoernaal aangeteken.

(b) Kredietnota 101 vir R10 800 is korrek in die Krediteuregrootboek opgeteken, maar is as 'n faktuur op die staat aangeteken.

(c) 'n Faktuur vir goedere van R114 640 wat eers op 31 Oktober 2024 bestel is, word reeds op die staat weerspieël. Kalideck het nog nie 'n faktuur ontvang nie. Die goedere, tesame met die bewys van aflewering, sal eers in November 2024 afgelewer word. Die boekhouer het besluit om dit eers in die Krediteurejoernaal op te teken sodra die goedere afgelewer is.

(d) Die totaal van die KAJ is verkeerd opgetel. Dit word met R650 oorskat.

(e) Mondi Paper SA laat gewoonlik 'n 8% handelsafslag toe op aankope van R300 000 en meer. Toe faktuur 825 vir die bedrag van R390 000 aangeteken is, is die handelsafslag nie deur Kalideck in ag geneem nie, maar dit is korrek hanteer deur Mondi Paper SA.

IEB Copyright © 2024 

## VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING [45 punte; 54 minute]

### Die inligting hieronder het op Sasol Group Limited betrekking

"Sasol is 'n wêreldwye chemikalie- en energiemaatskappy. Ons span ons kennis en kundigheid in om gesofistikeerde tegnologieë en prosesse met bedryfs-fasiliteite op 'n wêreldskaal te integreer. Ons verkry, produseer en bemark 'n reeks hoëgehalte-produkte veilig en volhoubaar in 22 lande om waarde vir belanghebbendes te skep. Ons doel, "innovasie vir 'n beter wêreld", dwing ons om verantwoordelik te voldoen aan die drieledige vereiste van Mense, Planeet en Wins, altyd met die bedoeling om 'n krag ten goede te wees."

[<https://www.sasol.com/who-we-are/about-us>]

### A. Inligting soos onttrek uit die Groepstaat van Omvattende Inkomste vir die jaar (soos aangepas):

| | 2023<br>R'miljoen | 2022<br>R'miljoen |
|---|---:|---:|
| Omset (met 10,56% toegeneem) | 133 501 | 120 753 |
| Koste van verkope | (55 194) | (42 556) |
| Bruto wins | 78 307 | 78 197 |
| Winsgrenspersentasie behaal | 141,88% | ? |
| Netto wins voor belasting | 20 678 | 48 055 |
| Netto wins na belasting | 15 453 | 34 771 |

IEB Copyright © 2024

## B. Ander bedrae en finansiële aanwysers vir die jaar:

| | 2023 | 2022 |
|---|---|---|
| Dividende op gewone aandele | R22 891 mil | R10 344 mil |
| Getal aandele uitgereik | 288 371 336 | 288 371 336 |
| Verdienste per aandeel (VPA) | R53,59 | ? |
| Dividende per aandeel (DPA) | R79,38 | ? |
| Totale bates | R107 823 mil | |
| Totale aandeelhouersbelang | R12 533 mil | |
| Totale laste (30% is bedryfslaste) | R95 290 mil | |
| Opbrengs op gemiddelde aandeelhouersbelang | 100,46% | 171,86% |
| Opbrengs op gemiddelde kapitaal aangewend | 26,40% | 53,64% |
| Gemiddelde rentekoers op langtermynlenings | 15,2% | 15,2% |
| Skuld Ekwiteit-verhouding | ? | 3,62 : 1 |
| Netto batewaarde (NBW) | R43,46 | |
| Gemiddelde debiteure-invorderingstydperk | 69,3 dae | 57,7 dae |
| Gemiddelde krediteurebetalingstydperk | 63,9 dae | 72,1 dae |
| Gemiddelde voorraadhoutydperk/ Getal dae se voorraad voorhande | 94,6 dae | 134,4 dae |

## C. RSA Kleinhandel-Spaareffekte


RSA Kleinhandel-Spaareffekte

"RSA Kleinhandel-Spaareffekte is beleggings in die regering van Suid-Afrika wat rente verdien vir die termyn van die belegging. 'n RSA Kleinhandel-Spaareffek sal 10,25% per jaar verdien indien dit vir 5 jaar belê word."

[Aangepas en vertaal: <www.rsaretailbonds.gov.za>]

IEB Copyright © 2024

**D. Grafiek wat verhandelingsprys op die JSE op die laaste dag van elke maand uitbeeld:**




**E.**

Mail&Guardian

**Sasol in die beskuldigdebank vir omgewingsdegradasie by Secunda, besoedeling van die Vaalrivier**

Sasol is beveel om volgende maand in die hof te verskyn op verskeie aanklagte van omgewingsdegradasie. Dit sluit die onwettige storting van afval en die nalatige afvoer van besoedelde water in die Vaalrivier by sy Secunda-bedrywighede in Mpumalanga in.

[Onttrek: <https://mg.co.za/the-green-guardian/2022-08-26-sasol-in-the-dock-for-environmental-degradation-at-secunda-polluting-the-vaal-river/>]

**WOORDELYS: Omgewingsdegradasie is 'n proses waardeur die natuurlike omgewing op een of ander manier benadeel word.**

**HIERDIE BLADSY IS DOELBEWUS LEEG GELAAT**

## VRAAG 3 BEGROTINGS [31 punte; 37 minute]

**Die volgende inligting het op SDC Toestelhandelaars betrekking**

SDC Toestelhandelaars word deur Stavros besit. Hulle verkoop 'n groot verskeidenheid van huishoudelike toestelle teen 'n winsgrens van 60% op kosprys. Hulle is trots daarop dat hulle tot 40% goedkoper as hul mededingers is.

### A. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir Januarie en Februarie 2025

| | **Januarie 2025<br>R** | **Februarie 2025<br>R** |
|---|---:|---:|
| **ONTVANGSTE (uittreksel)** | | |
| Kontantverkope | 237 600 | 256 320 |
| Invordering van debiteure | 665 280 | 554 400 |
| Vaste deposito wat verval | | A |
| Nuwe lening verkry | 1 050 000 | |
| Rente op vaste deposito | 3 600 | 3 150 |
| | | |
| Huurinkomste | 38 400 | 41 472 |
| | | |
| **BETALINGS (uittreksel)** | | |
| Kontantaankope van voorraad | ? | B |
| Betaling aan krediteure | ? | ? |
| Salarisse en lone | C | 146 610 |
| Aankoop van voertuig: deposito | D | |
| Aankoop van voertuig: paaiemente | - | 24 000 |
| Rente op lening | 13 125 | 13 125 |
| | | |
| Trekkings deur eienaar | 75 000 | 75 000 |
| | | |
| **Kontantsurplus/(-tekort)** | **(435 000)** | **(960 000)** |
| **Bank aan begin** | **207 000** | **(228 000)** |
| **Bank aan einde** | **(228 000)** | **(1 188 000)** |

IEB Copyright © 2024

**B. Verkope en debiteure-invordering**

| | | |
|---|---|---|
| Werklike totale verkope | November 2024 | R1 075 200 |
| | Desember 2024 | R950 400<br>(Koste van verkope R594 000) |
| Begrote totale verkope | Januarie 2025 | R792 000 |
| | Februarie 2025 | ? |

- 30% van verkope is kontant.
- Debiteure vereffen hul rekeninge ten volle in die maand na die verkoops-transaksie. Tans word geen voorsiening vir oninbare skuld gemaak nie.

**C. Voorraad en trekkings**
- Voorraad word aangevul volgens 'n vaste basisvoorraadvlak.
- Stavros onttrek elke maand kontant.
- In Januarie 2025 sal hy wasmasjiene met 'n gekombineerde waarde van R65 000 aan 'n plaaslike jeugsorgsentrum skenk.
- 'n Sekere persentasie van aankope is kontant.

**D. Betaling aan krediteure**
- Daar word verwag dat krediteure soos volg betaal sal word:
  - 80% word in die maand van aankoop betaal om 'n 5%-afslag te ontvang.
  - 20% word betaal in die maand wat op die aankoop volg.

**E. Vaste deposito**
- 'n Gedeelte van die vaste deposito sal op 31 Januarie 2025 verval, maar sal op 1 Februarie 2025 ontvang word.
- Rente van 4,5% p.j. word aan die einde van elke maand ontvang.
- Stavros oorweeg dit om die geld in Maart 2025 vir twee jaar te herbelê.

**F. Voertuie**
- 'n Nuwe voertuig sal op 1 Januarie 2025 gekoop word. 'n Deposito van 20% sal op hierdie datum betaal word.
- Die oorblywende bedrag sal in gelyke paaiemente oor 36 maande betaal word wat in Februarie 2025 begin.

**G. Salarisse en lone**
- Twee nuwe werknemers sal op 1 Februarie 2025 aangestel word. Hulle sal elkeen R19 500 per maand verdien.
- Die ander werknemers sal 'n verhoging van 5,5% vanaf 1 Februarie 2025 ontvang.

## Advertensie vir Vraag 3.6

**HUUR–EN–BESIT JOU EIE TOESTEL**

**Huur 'n toestel vir 'n vaste kontrak van 24 maande en besit dit daarna**

**Bepalings en voorwaardes:**

❶ *'n Bykomende 8% (eenmalig) sal met die aanvang van die ooreenkoms by die verkoopsprys bygevoeg word.*

❷ *Twee gratis instandhoudingsbesoeke per jaar is ingesluit oor die duur van die ooreenkoms.*

IEB Copyright © 2024